DIE HOËRSKOOL MENLOPARK · EXCELSA PETAMUS · SEDERT 1963

# menlo-insig

28/2024

3 Oktober 2024



## LIEWE MENLO



















**Welkom terug, Menlopark!**

Die jaar se uurglas loop vinnig leeg en dit is binnekort tyd om die boeke nader te trek. Die Insig wens graag vir elke Parkie sterkte vir die bedrywige tyd wat voorlê toe.

Geniet vir oulaas 'n opsomming van die derde kwartaal se hoogtepunte.

Eerste op die agenda is....

Die matriekafskeid!


























## MENLO MA'S WAT OMGEE

Ouers word aan die gebedsbyeenkoms wat Donderdae vanaf 07:30 tot 08:30 in die koshuis se sitkamer plaasvind, herinner. Navrae en gebedsversoeke: 082 579 4968.

**Matteus 20:26-28**

"Maar by julle moet dit nie so wees nie. Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar wees; en elkeen wat onder julle die eerste wil wees, moet julle slaaf wees. So is dit ook met die Seun van die mens: Hy het nie gekom om gedien te word nie maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense."

## DAGBOEK

**4/10** Skryfklub (Personeelkamer, 13:00 – 15:00)
Atletiek: Top 10 (Naboomspruit) – 5/10
Krieket: O. 19A Noord-Suid (tuis) – 6/10

**5/10** Lentetee

**8/10** Gholf: GN-Hoërskolespantoernooi

**9/10** Akademie: Franse-aand (Saal, 16:00 – 20:00)

**10/10** Swem: Aflosgala







## DEBAT

### Menlo smaak sukses by Con Spirito-debatstryd

Die stryd om die land se beste hoërskooldebatteerders op te spoor, is in die laaste week van verlede kwartaal in die skadu van Tafelberg voortgesit. Die Hoërskool Menlopark het die woordestryd met 'n leërskare aangepak en uitstekende resultate behaal. Baie geluk aan die debatteerders, afrigters en organiseerder, me. Tanya Matthysen.

**Finale ronde**

- 442 spanne het vir die eerste ronde van die Con Spirito-debatkompetisie ingeskryf.
- 122 spanne dring na die semifinale ronde deur.
- 20 junior en 20 senior spanne dring na die nasionale finale ronde deur – ses hiervan behoort aan Menlo.
- Juniors: Kayden Venter en Luané Erasmus word as die beste junior debatspan in Suid-Afrika aangewys, terwyl Liané de Wet en Milan Visser die negende plek beklink.









**Bome neem ons na die begin van menswees terug - die een van goed en kwaad. Die verskuilde wysheid in foute. Die prys wat jy daarvoor betaal.**

**Omdat die denkende mens na die universele soek en iets daarvan in geometrie vind, is die boom 'n enigma, want bome se ontwerp, hul argitektuur, is totaal chaoties.**

**Gaan lê 'n slag op die naat van jou rug, dig teen 'n boomstam en kyk boontoe, is die enigste herkenbare vorm in die wilde ontwerp die skadulyn wat gewoonlik rond is, maar die stam en takke groei woes. En tog, as jy jou oog toelaat om effens buite fokus te dwaal, kom daar geleidelik patrone en ontwerpe uit die verstrengeling.**

# GEES



## Vaarwel, Matrieks!

Modieus, elegant, sjiek, stylvol en onbeskryflik mooi. Dit is slegs 'n paar woorde waarmee 'n mens die matrieks se gesellige woudentieke afskeidsfunksie kan beskryf.

Op Vrydag, 20 September skuins voor sonsondergang en pas nadat die skoolklok die derde kwartaal vaarwel toegeroep het, het die matrieks hulle skooldrag vir deftige aanddrag verruil en soos Hollywoodsterre op die rooi tapyt by die matriekafskeid gepronk.

Baie dankie aan die graad 11-ouers en -voogde onder leiding van me. Nataly Swart en mnr. Royes Auret – elkeen verdien 'n veer in die hoed vir die aanbieding van 'n onvergeetlike aand wat nog lank in die matrieks se geheuebank gekoester sal word.

Die ouwêreldse Monte de Dios het die perfekte agtergrond vir die ry statige motors, wat van klassieke versamelaarsitems tot byderwetse ontwerperswonders gewissel het, gevorm. Daarby is die graad 12-ouers met eersteklaskaartjies vir die skouspel beloon en het hulle dit terdeë geniet om te kyk hoe die matrieks soos sjiek James Bond's en Scarlett O' Hara's in hulle eie sprokie inwals ...

#Menloviraltyd

# MENLOFEES

## Menlovaria: Wennerskonsert 'n viering van talent!

Die eerste tekens was subtiel... gedemp: 'n Harmonie wat pouse geneurie word, 'n voet wat saggies op die maat van Wiskunde stamp en sketse van suikerhuisies wat versigtig tydens periodes gesirkuleer word. Ofskoon niemand onraad vermoed het nie, was dit vroeg in September duidelik: Daar is 'n kulturele revolusie op Menlo-bodem aan't broei en die talentvloed is onstuitbaar.

Die prop is in die laaste week tydens die Menlovaria-wennerskonsert gelig om 'n bruisende fontein van deelname en entoesiasme in die AfriForum Teater los te laat. Dit is hier waar talent vrye teuels het om die oë te betower, die ore te bekoor en die gehoor te verstom.

Teatergangers is met die intrapslag deur skilder- en tekenkuns verras en toe die gordyn oplaas lig, het die gewig van Menlo-talent die planke laat knars. Genres is geskommel om die gehoor aan die raai te hou, terwyl die kwinkslae van die seremoniemeesters gesorg het dat Menlo-lagspiere enige fiksheidstoets sal slaag.

Baie dankie aan me. Holly van Heerden en haar bekwame span vir 'n verskeidenheidskonsert met verskeidenheid. Die bydrae van Menlo se kunsdepartement kan nie geringgeskat word nie en daarvoor rig die skool 'n spesiale woord van dank aan mee. Mariana de Klerk en Ilze van Niekerk.

Daar was nie 'n enkele lid van die gehoor wat nie deur die kaleidoskoop van talent gehipnotiseer is nie.

Njannieskapêla!




# AKADEMIE

## Menlo-studiekursus vir sukses

Parkies in graad 8 en 9 word aan die studiekursus wat gratis deur mee. Estelle Velloen en Allison de Villiers aangebied word, herinner. Alle Parkies is welkom. Navrae: estelle.velloen@menlopark.co.za



| **Module** | **Datum** | |
|---|---|---|
| *Module 1 en 2* | *Graad 8- en 9-huiswerkperiodes* | *Effektiewe studie, tydsbestuur en beplanning.* |
| *Module 3* | *Do., 5 September (14:15; F102)* | *Leerstrategieë en aantekeninge.* |
| *Module 4* | *Do., 12 September (14:15; F102)* | *Konsentrasie en fokus.* |
| **Module 5** | Do., 3 Oktober (14:15; F102) | Geheueverbeteringstegnieke, leestegnieke en opsommings. |
| **Module 6** | Do., 10 Oktober (14:15; F102) | Eksamenvoorbereiding en leesstrategieë. |
| **Module 7** | Do., 17 Oktober (14:15; F102) | Leerstyle en studiemetodes. |
| *Module 8* | *Vroeg in 2025* | *Hoe om 'n goeie taak te doen & verwysingsmetodes.* |

# TENNIS

## Menlo lig Wilsonskild!

Sun City word hoofsaaklik met die geklingel van dobbelmasjiene, palmbome, loodregte glyplanke en soms ook met gholf geassosieer.

Een maal per jaar sak die voorste tennisspelers van verskeie skole op die sonstad toe om die fel sonstrale en meedoënlose aanslag van die opponente af te weer.

Baie geluk aan Menlo se spanne wat uitstekend gevaar het.

**Dogters: Wenners** Megan Fourie, Melissa Meyer, Carmen Nel, Mika Keet & Aimee Swanepoel

**Seuns** Nicholas Pretorius, Jaden van der Westhuizen, Ruben Lourens, Ludwig van Ginkel & Jan-Hendrik Swanepoel.













## Parkies het g'n voete van klei – kraai koning op alle oppervlakke

Harde baan, kleibaan of grasbaan. Dit maak nie saak op watter oppervlak Menlo se tennisspelers hulle bevind nie, die Parkies weet hoe om die opponente te verslaan. Daarby is daar ook bewys dat gras nie onder die Parkies se voete groei nie en dat hulle beslis nie klei trap nie.

Baie geluk aan Menlo se eerstespan (seuns) wat met die louere by die NWU Eagles Multi Surface Tennis Challenge weggestap het. Die skoner geslag was kort op die seuns se hakke en het uitstekend gevaar. Knap gedaan, Parkies! Baie dankie aan me. Elné Coertzen (organiseerder) vir haar aandeel aan die Parkies se sukses. Die talentvolle tennismeesters is:

**Seuns** **1ste plek en wen R10 000**
Stefan Jansen van Vuuren, Kelly Mostert, Johan Bosch, Christiaan de Bruine & Nicholas Pretorius.

**Dogters**
Melissa Meyer, Carmen Nel, Mika Keet & Robyn de Kock.

Simoné van Zyl, Carmen Nel, Mika Keet, Nina Kloppers en Lisa Beyers het net voor die vakansie aan AHMP se o. 15-toernooi deelgeneem. Hartlik geluk aan dié vyftal wat as Menlo-tennisambassadeurs by die toernooi opgetree het.

NETBAL

## Menlo-netbalblitse dra kroon as SA kampioene

Menlo se doelgerigte Fast5-netbalspanne het skoonskip by vanjaar se nasionale kampioenskap gemaak. Hartlik geluk aan die o. 18's wat die kroon as SA se Fast5-netbalkampioen dra en die o, 15's wat as die vyfde beste blitsspan in die land gekroon is. Baie dankie aan die toegewyde afrigters, mnr. Manny Ferreira, mee. Fransie Roberts, Charné Barnard, Chanel Vrey, Isandri Liversage en Lore-ne Bester asook die spelers wat weereens bewys het dat Menlo-netbal kook. Die Fast5-kampioenspanne is:

### O. 18: SA kampioene

Minette Boshoff, Lua Neeb, Gabby Smith, Lente Kroukamp, Abby van Zijl, Elzette Fouche, Jeanie van Biljon, Mila Stander & Mavilde Ferreira.

### O. 15: Vyfde in SA

Mia Deysel, Alexi Nel, Mianke Steyn, Heike Swart, Eliz-Mari Beyer, Anina de Waal, Leané Muller, Zoë van Staden & Danika Smith.















FIETSRY

## Menlo-fietsryers vierde beste in SA

Menlo se fietsryers het 'n droomseisoen be-leef en die goeie prestasies in die CycleLab MTB-reeks by die nasionale finaal wat op 21 en 22 September by Hoërskool Wagpos ge-hou is, voortgesit. Baie geluk aan die Parkies wat die vierde plek losgetrap het asook aan mnre. Harm van Helsdingen en Alan Reid, me. Lenka Labuschagne en die fietsry-ouers vir hulle aandeel aan die span se sukses.

Hier volg 'n kort opsomming van die indivi-duele prestasies:

| | | |
|---|---|---|
| Seuns: Subjunior | Wian Schalekamp | 38ste |
| Mans: Jeug 15 | Jaco Aldum | 2de |
| | Gustav vd Werff | 36ste |
| Mans: Junior 17 | Stephan Aldum | 5de |
| Mans: Junior 18/19 | Ruben van Biljon | 21ste |
| | Pieter Kriek | 41 |
| Dogters: Youth 15 | Zelia Küsel | 10de |
| | Katrijn Botha | 13de |
| Dogters: Youth 16 | Caitlin Read | 30ste |
| Dames: Junior 18/19 | Marle van Wyk | 24ste |

PERDRY

# Parkies maak skoonskip by Sanesa se prysuitdelingsfunksie

Baie geluk aan die ruiters wat toekennings by Sanesa Gauteng Tshwane se prysuitdeling ontvang het.
(* – twee klasse)



### Sanesa Rising Stars Awards

| | |
|---|---|
| Dea Higgins | Dressage*, Performance Riding & Working Riding |
| Lisa Fouche | Equitation & Jumping* |
| Micaela Cloete | Jumping |



### Sanesa Additional Disciplines Awards

| | |
|---|---|
| Carmi de Jager | Stadium Eventing |
| Paige Cronje | Western Mounted Games |



### Gauteng Tshwane B-span

| | |
|---|---|
| Amelia Smit | Jumping |
| Annebelle Botha | Working Riding |
| Annabell Burger | Jumping |
| Lize Coetzee | Working Riding |
| Nina Prinsloo | Dressage & Performance Riding |
| Nadine Roux | Dressage, Performance Riding & Working Riding |
| Paige Durrant | Dressage* |

### Gauteng Tshwane A-span



| | |
|---|---|
| Annebell Pienaar | Dressage* |
| Annebelle Botha | Working Hunter |
| Avril du Plessis | Working Hunter |
| Lize Coetzee | Equitation, In-Hand Utility & Jumping* |
| Mieke van den Berg | Dressage*, Prix Caprilli*, Performance Riding & Working Hunter |
| Milan Brink | Equitation |
| Minke Kruger | Jumping* & Equitation |
| Mirabelle Neveling | Dressage* |
| Nina Prinsloo | Dressage & Performance Riding |
| Paige Durrant | Working Hunter & Prix Caprilli* |
| Ziané van den Berg | Dressage Freestyle, In-Hand Utility, Performance Riding, Jumping, Equitation, Prix Caprilli* & Working Hunter |
| Avril du Plessies | Outstanding Achievement Awards Medal: 5 Year Achievement of Gauteng Tshwane Colours |

| | |
|---|---|
| **Top Ten Horse Riders** | Paige Durrant (4de) & Mieke van den Berg (5de) |

# GHOLF

## Sukses op die setperk

Moenie die volgende name vergeet nie, want hierdie Parkies speel die setperke aan die brand!

Heino Oellermann speel uitmuntende gholf by die Interprovinsiale Toernooi (Mount Edgecombe). Hy behaal tellings van 73 en 73 en 'n kolhou op die sewende putjie! Met hierdie puik prestasie bespreek Heino sy plek in die SA skolespan.

Nicolas Hollander wen die junior afdeling van die Gauteng-Noord-toernooi op die uitdagende baan van die Woodhill Buiteklub.

Schalk van Ettinger is vir GHOLFRSA se *elite squad* gekies en word hiermee slegs die derde Parkie in agt jaar wat hierdie prestasie behaal.

Baie geluk aan Heino, Nicolas en Schalk asook die afrigter, mnr. Nico van Eeden. Die Insig hou hierdie gholftrio se vordering met belangstelling dop en sien daarna uit om hulle eendag op Augusta in aksie te sien.





# SPOG

## Parkies behaal sonderlinge prestasies

Nika Swart, Cara van Staden en Zanté Uys het onlangs bewys dat Parkies raakgesien word. Met hulle uitsonderlike talent, charisma, styl en chutzpah trek hulle aandag – van die wipmat tot die loopplank. Baie geluk aan hierdie drietal wat puik prestasies gedurende die vakansie behaal het.

* Nika Swart word as SA kampioen in tuimel gekroon (vlak 6; o. 14).
* Cara van Staden sal voortaan die kroon as Mini Miss RSA 2024 dra.
* Zanté Uys is as Mini Miss RSA 2024 (senior overall winner) gekroon.

Cara en Zanté sal Suid-Afrika op die internasionale verhoog in Dubai en die VSA verteenwoordig. Welgedaan, Parkies!





# MARKPLEIN


Improve your Home WiFi
with Axxess Fibre!
From
R299* p/m
Faster WiFi
Parental Controls
Better Coverage
Free-to-use Huawei WiFi AX3
axxess®
Internet your way
*T's & C's apply


OCTOBER
Breast Cancer
AWARENESS MONTH
OUR SERVICES:
Mammography with Tomosynthesis
Breast Ultrasound
Bone Densitometry (DEXA)
Ultrasound & Mammography Guided Biopsies
WE ALSO OFFER:
X-rays, Ultrasounds, CT Scans & Specialised MRI's
DON'T WAIT FOR SYMPTOMS
REMEMBER TO BOOK YOUR MAMMOGRAM
10% discount for all self-paying mammogram patients in October
Most medical aids pay for mammograms from screening benefits, not medical savings. Contact us with your medical aid details to confirm your benefits
Club WOMEN'S IMAGING CENTRE
012 880 4900
CLUB.AUTH@DRSBURGER.CO.ZA
30 PINASTER AVE, HAZELWOOD, PRETORIA



www.pjtsa.co.za
PJT
SORT BY
FruitKO - 100% Fruit Juice Range 350ml (6pk)
R54.00
Buy Now
FruitKO - Nectar Range 500ml (6pk)
R52.80
Buy Now
FruitKO -Nectar Range 1.5Lt (6pk)
R112.20
Buy Now
FruitKO - 100% Juice range 1Lt (6pk)
R130.20
Buy Now
AQUAKO
STILL NATURAL SPRING WATER
ICE TEA LEMON
ORDER ONLINE RIGHT NOW!
SHOP NOW
(011) 396 3690/1
69 Pomona Rd, Pomona. Kempton Park




R 14 500 monthly rental
Deposit: R 14 500

## 3 Bed Townhouse in Waterkloof Glen

20 La Mancha, 406 Roslyn Avenue



3 Bedroom Duplex in Waterkloof Glen

AVAILABLE NOW

Situated in sought after complex in close proximity to major routes, shopping centres, schools, medical facilities and other amenities.

The ground floor is an open plan with the dining and lounge area looking out on an enclosed garden. The kitchen features a modern design and ample space for appliances.

The first floor: 3 bedrooms, one shared bathroom and the main bedroom features an en-suite bathroom. All bedrooms have ample closet space.

1 x Carport and 1 x Garage

24h Security

Easy access to main roads.

Fibre ready.

Electricity is pre-paid and water is metered separately for the tenant's account.

**Contact Tania Ludick for a viewing on 0692232809**

